# DIE SKOOL EN DIE ONDERWYSER AS FAKTORE IN DIE GEESTESGESONDHEID VAN DIE KIND*

1. *Agtergrond.*

Ons hou geestesgesondheidsweke, stig beroepsentrums, samel geld in om mense wat geestelik siek is te genees, klae oor die tekort aan psigiaters, kliniese sielkundiges, bedryfsielkundiges, voorligters, skoolpsigoloë, ens. 'n Karige kwarteeu gelede het ons aan al hierdie dinge slegs akademiese aandag gewy. In hierdie kursus word verskeie tipes kinders bespreek en geleer hoe om hulle probleme te benader. Hier word nou gehandel oor die skool en die onderwyser se aandeel in die verband. Ons hou gesinsjaar, en in die bedrywighede in hierdie verband is seker ook sonder uitsondering van geestesgesondheidsfaktore gepraat. Is dit 'n nuwe mode in die opvoedkundige wêreld of dalk 'n gekommersialiseerde benadering van die saak? Plaas ons dalk sulke goeie advertensies om ons middel te propageer dat ons die mense siek maak sodat ons hulle weer kan genees?

Ons hoor die genoemde reaksies werklik. Ouers sê so maklik: „Toe ek 'n kind was, was daar nie soiets nie, en is ek daarom juis slegter? Toe kon ons tuis of op skool geslaan en geskree word sonder dat ons komplekse ontwikkel het, maar vandag kan jy niks doen of jy maak 'n kind geestelik siek." Onderwysers staan nog baie skepties teen die hele saak, met naasteby dieselfde argumente. Hierby kom gewoonlik nog van sowel ouers as onderwysers 'n tirade teen die sielkunde in die onderwys.

Ons wil slegs baie sketsmatig die een en ander by wyse van agtergrond gee, sodat ons die probleem daarteen kan sien en waardeer. Die ganse gemeenskapslewe is vandag een netwerk van vervlegting, soms so erg dat dit die indruk van 'n deurmekaar bondel skep. Die eenduidige, enkelvoudige, patriargale, landelike lewe is tot 'n groot mate vervang deur die moderne grootstadse konglommeraat wat presies die teenoorgestelde van die vroeëre is. Dink maar aan die baie relasies waarin elke indiwidu hom elke oomblik bevind: hy kan nie beweeg sonder om een van daardie toue êrens om hom te gewaar nie. En dit geld nie net die volwassene nie maar ook in ernstiger mate die kind. Daar kan dus vandag so weinig rustige aanvaarding van eie aanleg en omgewing wees, so min geleentheid om uit te vind wie jy nou werklik is. Jy sien jouself so selde soos jy werklik is.

Dit behoort duidelik te wees hoe ernstig hierdie toestand vir spanninge verantwoordelik kan wees. Dink aan die jong

---

* Lesing gehou voor die onderwysgroep gedurende die Studiekursus vir Onderwysers, gereël deur die Wes-Transvaalse Geestesgesondheidsvereniging as deel van die Geestesgesondheidsweek in Potchefstroom, 4 Maart 1961. Geplaas op versoek van die Vereniging.

kind wat vanmôre sy huis verlaat om die skool betyds te bereik, deur die besige strate, oor kruisings, in busse — spanning vir die kind, die ouers en selfs vir die motoris in die strate.

Maar die huis waaruit die kind kom, kan sekerlik nie as 'n spanningsvrye atmosfeer bestempel word nie. Waar bestaan vandag nog 'n rustige huis waar die groot, sterk strome van die lewe in die diep, stil poele opgevang word? Die huis weerspieël eerder daardie woelinge in verskerpte mate, want daar kom die euwels van die moderne gesinsverbrokkeling by. Ons dink aan die godsdienslose en beginsellose huis, wat die eenheid van droë sand sonder bindmiddel vertoon.

Ons hoor van oorloë en gerugte van oorloë, soos dit in die laaste dae sal voorkom. Rampe, moorde, gemeenhede, sensasie, in algemene daaglikse geestelike spyse. Met die pers, radio en ander kommunikasiemiddele geskied daar 'n nivelleringsproses wat juis daardie ankers wat die mens so nodig het om ewewig te bereik en te behou, as oorbodig en as remmend afwys. Jy moet wees soos almal, 'n massamens met al sy kunsmatige en kompenserende indiwidualisme. Hierdie nivelleringsproses loop ook dwarsdeur ons onderwys en opvoeding.

Daar het ook 'n belangrike verskuiwing van opvoedingsfilosofie plaasgevind, met die eventuele verlegging van die klem vanaf die huis na die skool. Waar die skool vroeër byna uitsluitlik te doen gehad het met die verstandelike versorging van die kind, is hierdie taak slegs een van die vele: fisieke versorging, emosionele opvoeding, karaktervorming en selfs die godsdienstige en wêreldbeskoulike aspekte het skering en inslag van die moderne skool geword. Vroeër het hoofsaaklik die verstand van die kind skool toe gekom, maar vandag kom die hele kind op ons verantwoordelikheid.

Genoeg, om die agtergrond te gee waarteen ons die taak van ons tema kan beskou. Van ons as onderwysers en van die hele skool, word veel meer as van ons voorgangers verwag.

## 2. *Wat hou die geesteshigiëniese benadering in?*

Ons kan dit baie kort stel: om geestelike gesondheid te bevorder. Maar om laasgenoemde te definieer of selfs te omskrywe, is nie so maklik nie. Dit sal hier dan ook maar aanvaar word dat almal reeds 'n redelike idee daarvan het. Geesteshigiëne beoog dan, in die woorde van Shaffer, „... to assist every individual in the attainment of a fuller, happier, more harmonious and more effective existence." In sy toepassing op skool bring dit dus twee sake mee: (i) Dit moet streef om soveel van die toestande wat die verwesenliking van geestesgesondheid hinder, uit te skakel en die invloed van die wat nie uitgeskakel kan word nie, te neutraliseer. Dit is die negatiewe aspek. (ii) Die program moet daarna strewe om binne die rypheidsvermoë van die leerling, gesindhede teenoor probleme te ontwikkel wat sinvolle benadering daarvan sal verseker en so 'n spanningsweerstand teen die onaangenaamhede van die lewe ontwikkel. Dit is die positiewe aspek.

Geesteshigiëne funksioneer eintlik op drie terreine, naamlik die behoudende, die voorkomende en die genesende. Die meeste kinders wat op skool kom, is gesond of

gesond genoeg; by elke versteurde of wan-aangepaste is daar nog baie wat goed en reg is. Hierdie aspekte moet deur die skool nie in gevaar gestel word nie en moet as basis vir die heropbou gebruik word. Hierdie aspek het te doen met die algemene beginsels van die skool, die organisasie, die psigologiese kennis van die kind, die metodiek, ens., dus van 'n onpersoonlike aard. Die voorkomende aard van die benadering het meer te doen met diegene wat op die rand van siekte staan. Dit is van 'n baie persoonliker aard en vereis dikwels spesiale programme en benaderings. Hoewel hierdie twee aspekte beslis nie bedoel is om gevalle wat reeds bestaan te behandel nie, tog kan daar nooit van die noue onderlinge verband tussen die behoudende en voorkomende aspekte aan die een kant, en die genesende of herstellende aan die ander kant, vrygekom word nie. Hierdie laaste is dan eintlik nie die taak van die onderwyser nie maar van die kliniese sielkundige, die psigiater en die kliniek. Die onderwyser wat hom aan behandeling waag, mag onherroeplike skade berokken. En tog kan hy nie anders as om iets te doen nie, selfs al sou hy dit wil vermy. Sy taak is hier eerder om voorlopige en tentatiewe diagnose te maak, vir deskundige diens te sorg en later saam met die deskundige en in opdrag van hom, hulpdiens te lewer.

Dit, in kort, is die antwoord op die vraag wat as opskrif bo aan hierdie paragraaf gevra is: behou wat reg is, verhoed dreigende versteuring en help mee in die genesing. Hiertoe mag en moet alle beskikbare fasiliteite ingespan word, die konkrete sowel as die abstrakte, die vaardigheid sowel as die belydenis.

3. *Die rol van die skool.*

Uit die voorgaande moes dit duidelik geword het hoe versigtig en delikaat die opvoedingsproses benader moet word. Daar word onder een dak saamgebring soveel halfgevormde persoonlikhede, elk totaal anders as al die ander, elk so fyn gebalanseerd, elk so dinamies van aard, elk so vol potensialiteite, maar elkeen ook so vol swakhede, sommige waarvan geërf en baie waarvan verwerf is, elkeen die produk van sy sondige aard sowel as die slagoffer van die sonde van sy omgewing, en tog ook elkeen so vol ideale vir die toekoms en gereed om altyd vorentoe te gaan. Ja, elkeen gereed om vorentoe te gaan, waarmee bedoel word dat die kind nie bloot gestoot word nie maar dat hy moet gaan op eie wieke. Persoonlikheidsvorming is nie 'n gawe nie maar 'n taak. In sy onervarenheid en onbeholpenheid het hy leiding nodig. In die aanvaarding van die leiding bly hy egter nooit passief nie; hy laat hom lei op die pad wat hy self loop. Soms is sy verset teen verkeerde of onbedagsame leiding uiters doeltreffend, maar meestal is dit baie onekonomies en soms selfs gevaarlik. Daarom is die taak van die opvoeder en sy middele so uiters delikaat en so baie verantwoordelik. Dit duik soms in 'n byna onherkenbare gedaante op.

a) Skoolgebou en omgewing:

Elke gebou spreek tot sy inwoner en maak op hom 'n indruk. Die een gebou het karakter, die ander is doeltreffend en 'n derde is mooi en smaakvol. By die beplanning van 'n skoolgebou moet die eise wat die kind daaraan stel dus ook in ag geneem word. Enige onhigiëniese beplanning stel die gesondheid in gevaar en enige siek mens is geestelik in onstabieler ewewig. Ons

gaan nie op die aspekte van beligting, belugting ens. in nie, en ook nie op die rol van die toerusting nie. Genoeg om slegs iets oor die skoolbanke te sê. Om stil te sit is vir die jong kind baie onnatuurlik. Om dit te doen op 'n ondoeltreffende bank is byna onmoontlik en kweek nadelige gewoontes en liggaamshoudings. 'n Krom rug is nie net lelik nie maar maak die draer daarvan maklik ook geestelik krom. Dit skep ordeprobleme en bring maklik 'n onrustige en onaangename atmosfeer in die klas.

Behalwe dat die sanitêre geriewe die gesondheid moet bevorder, moet hulle ook sodanig wees dat hulle meehelp in die vorming van gewenste gesindhede en gewoontes, anders kan hulle, bygetel by sekere ander gewoontes, die oorsaak wees dat die seksuele ewewig versteur word.

Dink verder aan die estetiese versorging van die skoolgebou en terrein. Sommige vertrekke stem 'n mens onrustig en ander weer maak jou rustig. 'n Pragtig uitgelegde skoolterrein werk mee tot 'n gebalanseerde lewensuitkyk. In die aankoop van skilderye deur 'n skool gaan dit nie oor die kuns as skoolvak of oor die kweek van kunstenaars nie maar oor die skepping van 'n milieu, wat bydra tot die geestesgesondheid van die skoolkind en die onderwyser. So dikwels word gevra of sodanige geldbesteding wel 'n rendabele belegging is. Die opbrengs kan in hierdie geval egter nie in monetêre terme bereken word nie.

b) Die skoolorganisasie:

Mens kom soms by 'n skool waar jy onmiddellik die indruk van 'n goed geoliede, stillopende, effektiewe masjien kry. In hierdie skool is gewoonlik elke kind en die onderwysers „oop", natuurlik, jy sien hulle soos hulle werklik is. Die diens wat hier gelewer word, is van besonder hoë gehalte en dit geskied sonder oormatige inspanning. Dit lyk of alles vanself kom. Stel hier teenoor die skool wat altyd soos 'n motorkar loop waarvan een of meer vonkproppe kapot is. Is dit nodig om te vra watter een vir die geestesgesondheid meeste bevorderlik is?

Ons wil hier nie stilstaan by die honderde gevalle van organisatoriese aard wat almal meehelp om so 'n toestand te skep nie. Genoeg om te sê dat in die goeie skool niks aan die toeval oorgelaat is nie maar tog ook weer nie in „reël op reël, gebod op gebod" doodgesmoor word nie. Hier spreek die persoonlikhede van hoof en personeel, sowel as hulle lewens- en opvoedingsfilosofie, seker die laaste woord.

Dis van groot belang om aan so 'n skool te merk hoe min tug en hoeveel dissipline daar heers. Dis seker hier waar die wortel van die sukses gesoek moet word. Daar is genoeg vir elkeen te doen sodat ledigheid en verveling uitgeskakel word, daar is genoeg ontspanning waar opgebondelde energie kan afreageer, daar is weinig moenies waarteen die kind hom vasloop en hom gefrustreerd laat, daar is doelgerigtheid in alle handelinge en gesonde motivering, daar is geleentheid vir prestasie en erkenning daarvan; in kort, die hele organisasie is op innerlike dissipline gebaseer.

Ons sal nie in hierdie verband by die leerplan, leergange, metodes van klassifikasie en promosiestelsel, prefektestelsel ens. stilstaan nie, omdat die aspekte oorbekend is en baie beklemtoon word. Differensiasie as beginsel ter bevordering van geestesgesondheid is ook aan almal hier in Transvaal bekend.

c) Die onderwyser:

Bokant alles wat tot hiertoe gesê is, kon ons die woord „onderwyser" geskryf het en dan slegs die genoemde sake daaraan ondergeskik gestel het. Wat in die voorgaande goed en waardevol is, is so omdat die onderwyser dit so maak. Die ideale skoolgebou en terrein, die ideale hoof met die wonderlikste persoonlikheid en organisasietalent, die ideale leerplan, dit alles lê en wag vir die onderwyser om daar 'n sukses van te maak. Hy is die spil waaromheen die geheel wentel. Ons noem in hierdie verband slegs enkele sake.

Ken die onderwyser sy vak en beheer hy die stof op so 'n wyse dat die leerling met lus saam met hom en onder sy leiding werk? Ken hy, en pas hy toe, die beste metodes van onderrig, sodat hy in die behoeftes van elke leerling kan voorsien en by die persoonlikheid van elk aansluit? Ken hy die kind wat aan sy sorg toevertrou is, kinders in die algemeen maar ook elke besondere kind in sy klas? Ken hy die huis waaruit die kind kom sodat hy daarby kan aansluit of kan weet wat om soms teë te werk? Hoe handhaaf hy dissipline binne en buite die klaskamer, deur sy outoritêre posisie en sterker liggaamskrag uit te buit, of deur insig, mensekennis en liefde? Is dit vir die onderwyser moontlik om elke oortreding op meriete te behandel of moet hy vaste, onbuigbare skemas van optrede hê waarin hy elke geval volgens kategorie oor dieselfde kom skeer?

Dit behoort vir elkeen duidelik te wees hoe die geestesgesondheid van die onderwyser eintlik die bepalende faktor hier is. Mens dink aan die onderwyser wat elke oortreding in die klas aanvaar as teen sy persoon gemik, as 'n aanval op hom, en dan onmiddellik die handskoen opneem. Hoeveel kinders is daarmee nie al oor die grens waarop hulle gehuiwer het na die verkeerde kant toe gehelp nie? Stel u die kind voor wat tuis nooit warme liefde, insig in sy probleme of vryheid van outoriteit ervaar nie en dan in die skool met so 'n emosioneel-onrype onderwyser opgeskeep moet sit. Maar ook by die ewewigtige kind uit die liefdevolle huis wek so 'n onderwyser spanning. Of die onderwyser wat voortrek, of wat oneerlik punte toeken, of wat met die swakhede van sy kinders spot en sodoende hulle beledig en verneder, wat telkens die druipeling aan sy vorige mislukking herinner of die droster aan sy eskapades van 'n paar jaar gelede, wat die gefrustreerde so in die grond boor dat hy 'n stokkiesdraaier word.

Of dink u die onderwyser kan dit ooit regkry om sy kinders te bedrieg? As hy op skool die perfeksionis in sy eise is maar slap in sy persoonlike lewe, 'n regte loodswaaier, dan is sy leerlinge die laaste vir wie hy dit kan weegsteek. Onderwysers meen soms dat hulle persoonlike lewe werklik van hulle skooloptrede geskei kan word. Nee, daarvoor is die voelhorings van die kinders te fyn. Dink maar hoe waardeloos u sedepreek oor eerlikheid is as u een of ander kind reeds gekul het. Of u Bybelles, as die kind u dan nooit in die kerk sien nie maar Sondae op die sportveld of in u tuin.

Dit bring ons by 'n verdere probleem. Die onderwyser moet op skool die werk van die ouers voortsit en aanvul. Dit kan hy onmoontlik op 'n waardevolle wyse doen as hy godsdienstig, prinsipieel of polities op 'n ander standpunt as die ouers staan. Hy mag dit in sy eie oë goed wegsteek

maar daar is tog nie soiets as neutrale onderwys nie. Dit moet by die kind 'n mate van tweespalt skep: wie is reg, my onderwyser of my ouerhuis? Die verwarring kan soms groot wees as die onderwyser self klein is. Ja, dis volkome waar, hy kan die feite aan die kind goed leer sodat hy in die eksamen slaag, dog hy vergeet dat hy nie net die verstandelike aspek van die kind as sy verantwoordelikheid het nie maar ook die hele kind.

Ons het tot hiertoe hoegenaamd nie gepraat van die mag van die sonde in die kind self nie, asof alles net van die onderwyser afhang. Dis natuurlik die ander kant van die prent, en 'n baie essensiële daarby, maar een wat buite die bestek van hierdie artikel val. Ek is die laaste om van die liewe, volmaakte natuurkindjie te praat asof hy sonder enige gebreke is. Maar dan bly die verantwoordelikheid van die onderwyser nog daar om die swakhede en gebreke, daardie gevolge van die sonde, met 'n hart vol liefde, insig en geloof aan te durf. Die onderwyser wat sy leerlinge ook in gebed kan opdra aan sy en hulle Vader, en wat so sy onmag bely, het seker die veiligste weg gekies. Geestesgesondheid is nie 'n gawe nie, dis 'n taak. Dis nie 'n blote misterie wat mens moet aanvaar nie maar dis 'n roeping en 'n arbeidsterrein.

Ons sluit af met 'n waarskuwing. Geestesgesondheid kan oordryf word en word ook soms oordryf. Mens is so maklik geneig om naderhand elke kind as 'n wanaangepaste te sien. Miskien is dit waar, want wie is nou eintlik normaal, in alle opsigte aangepas en ewewigtig? Elke afwyking maak mens nog nie abnormaal of 'n voorwerp van terapie nie. Deur in so 'n geval op die afwyking te konsentreer, mag mens dit dalk so in die bewyssynskring trek dat die kind werklik afwykend word. Dit bly egter waar dat die normale kind normaler sal wees as hy daardie afwyking kan oorwin. 'n Verdere gevaar is dat die onderwyser mag meen dat *hy* die kwaad by die kind moet oorwin. Nee, hy moet die kind net help en lei om dit self te oorwin. Selfs dan nog is daar geen waarborg dat hy sal slaag nie: sommige probleme is so vasgewortel of het by die wieg reeds begin en word nie so maklik oorwin nie. Elke onderwyser is ook nie so geskik om elke probleem aan te pak nie. Maar verder, ons moet besef dat hindernisse in die kind se pad nie noodwendig vir hom nadelig hoef te wees nie. Die afwyking van die kind mag juis vir hom as aansporing tot inspanning dien. Neem die aansporing weg en die inspanning mag verflou. Dis nie net by die ideale onderwyser of in die ideale skool dat kinders vorder nie. Elke onderwyser hoef ook nie 'n psigiater te wees nie: so lank as die onderwyser 'n verstandige en gelowige is wat doen wat sy hand vind om te doen en dit in 'n gees van liefde en toewyding, sal die saak gewonne wees. Die beste terapeut is nie altyd die een wat die regste weg volgens logiese wette volg nie.

Ons eindig met te beweer dat dit nie soseer saak maak wat die onderwyser *vir* die kind doen nie as wat hy *voor* hom doen, d.w.s. die voorbeeld van geloof, vertroue, liefde en diens wat hy stel. Woorde wek maar voorbeelde trek.